# WAGTE OP DIE MURE

NUUSBRIEF VAN DIE VAN ZYL'S

Mei 2022

> "Ek het wagte op jou mure uitgesit Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat hy Jerusalem herstel het, totdat hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het (Jes 62:6-7).

Sedert ek en Liezl terug is uit Kenia en Suid-Soedan is ek Sondag vir Sondag in gemeentes besig met terugvoer oor ons sendingreis na Oos- en Noord-Afrika. Na ons terug is was my eerste preekbeurt op 17 April en my eerste blaaskans is op Sondag 5 Junie. Wat 'n voorreg om met gemeentes te deel wat God in dele van die wêreld doen waar mense nie toegang het tot die Evangelie soos ons nie. Baie dankie aan almal wat vir ons gebid het tydens die uitreik. Ons deel graag ons ervarings met almal.

**<u>Kenia</u>**

Die besoek aan Kenia gedurende Maart was in baie opsigte spesiaal. Die feit dat Liezl na omtrent 20 jaar weer saam met my die plek kon besoek waar ons destyds ons bediening begin het was baie besonders. Ons het destyds vir ses jaar in Kenia gewerk en om al die mense weer te sien was veral vir Liezl 'n emosionele ervaring. Sy en Ester, die vrou wat destyds ons huishulp was het mekaar omtrent omhels na soveel lange jare. Ons was ook trots om te sien hoe ons studente van destyds tans die leiers van die kerk, die Reformed Church of East Africa (RCEA) geword het. Wat veral 'n indruk gemaak het, was om te sien dat een van hulle, ds Samuel Korir, tans die leier van die getuienisbediening van die kerk is. Hy doen uitstekende werk om die Evangelie saam met sy span na minder bereikte areas in die noorde van Kenia te neem.

Die gebedskonferensie is deur nog 'n oud-student, ds Joseph Saamoi gereël. Die amptelike bekendstelling van my eerste boek oor gebed wat vertaal is met die titel, "Prayer" het ook tydens hierdie konferensie plaasgevind. Dit was veral spesiaal omdat 'n deel van die boek handel oor ons tyd in Kenia. Ons het ook met die res van die leierskap vergader, en hulle het die wens uitgespreek dat ons jaarliks so 'n gebedskonferensie in Kenia moet hou.

**<u>Suid-Soedan</u>**

Na die besoek aan Kenia is Liezl terug Suid-Afrika toe en ek is verder na Suid-Soedan. Ek het met die leiers van die Africa Inland Church (AIC) die ooreenkoms dat ek opleiding gee in gebiede waar die onrus die minste is. So het ek tot voor Covid vir drie jaar lank in die weste van die land by Yei klasgegee omdat die onrus vir lank in die ooste by Korabiat waar die Imotong Bybelskool is, net te ernstig was. Met Covid kon ek verlede jaar glad nie in Suid-Soedan uitkom nie wat beteken het dat ek vir 'n baie lang tyd nie in Korabiat was nie. Korabiat is natuurlik die plek waar die meeste onbereikte groepe in Suid-Soedan hulle bevind. Dit is ook hier waar my hart eintlik is.

Die groot dorp in hierdie area is Torit en daar het ek aan die begin van April dieselfde gebedskonferensie aangebied. Tydens my besoek het ek verder ook besef dat die leierskap van die AIC heeltemal verander het. Baie van die mense het ek glad nie geken nie en deel van die besoek hierdie keer het behels dat ek hulle ontmoet en verhoudings bou met die oog op die toekoms. Almal is baie positief oor die hervatting van opleiding by die opleidingsentrum te Korabiat, maar het as nuwe leierskap van die kerk geweldig baie hooi op die vurk. Ek het met almal afsprake gereël met die oog op gesprekke oor die toekoms van teologiese opleiding in die AIC. ’n Plan is op die tafel geplaas en ons is tans in die proses om vennootskappe te vorm met groepe en organisasies om ons veral te help met opleiding. Bid asseblief dat die opleiding aan die begin van 2023 weer in volle swang sal wees.

**Dankie vir**:
Geseënde uitreike na Kenia en Suid-Soedan.
Geleenthede in gemeentes om terugvoer te gee oor my werk.

**Gebedsversoeke:**
Vir vrede in Suid-Soedan.
Dat die opleiding in Korabiat te midde van oorlog en Covid weer ’n aanvang sal neem.

Baie dankie dat ons kan hande vashou in hierdie werk. Aan elke gemeente en indiwidu sê ons dankie vir jul ondersteuning om ons bediening moontlik te maak. ’n Geseënde wagbeurt word jul toegebid. Jes 62:6-7.

Kobus, Liezl, Jané, Jacobus en Christoff.